AKADEMIA

AD FUTURUM PER FONTES

STUDENTETOELATINGSBELEID

Beleidsnaam	Studentetoelatingsbeleid	**Beleidsnommer**	003_ADM
Goedkeuringsliggaam	Senaat	**Datum van krag**	2012-01
		Jongste hersiening	2023-03
Weergawe	8	**Implementeerder**	Registrateur
Verwante beleide	• Bevorderingsbeleid		
Verwante dokumentasie	• Beleid op Erkenning van Vorige Leer en Kredietoordrag • Kansellasiebeleid • Jaarboek • Onderrig- en Leerbeleid		

INHOUDSOPGAWE

1. DOEL VAN DIE BELEID 2
2. OMVANG 2
3. INTERPRETASIE 2
4. WERWING 3
5. TOELATINGSVEREISTES VIR VOORGRAADSE PROGRAMME 3
   - 5.1 Algemene toelatingsvereistes 3
   - 5.2 Nasionale Senior Sertifikaat 3
   - 5.3 Nasionale Beroepsgerigte Sertifikaat 3
   - 5.4 Buitelandse en/of ander skoolverlaterkwalifikasie(s) 3
   - 5.5 Alternatiewe toelatings op grond van die Senaat se diskresie 4
6. KEURING 5
   - 6.1 Spesiale behoeftes 5
7. REGISTRASIE 7
   - 7.1 Uitstel van studies 7

1. Doel van die beleid

Hierdie beleid het ten doel om regverdige en effektiewe toegang tot Akademia se geakkrediteerde kontak- en afstandsonderrigkwalifikasies te bied, en om die toelatingsvereistes vir die studie aan die instelling ooreenkomstig nasionale vereistes te definieer.

Die beleid bied ook riglyne ten opsigte van alternatiewe toegangsroetes tot hoëronderwysstudies, en in besonder toelating tot graadstudies. Dit geskied in ooreenstemming met en met toestemming van die aangewese ekwivalensiebepalingsliggame, naamlik Umalusi en Universiteite Suid-Afrika (USAf).

Die beleid onderskei tussen algemene toelatingsvereistes vir 'n kwalifikasie van die instelling en fakulteitspesifieke toelatingsvereistes vir 'n spesifieke program. Die beleid bepaal ook die voorwaardes waaraan ŉ student moet voldoen vir voortgesette registrasie vir die gekose kwalifikasie.

2. Omvang

Hierdie beleid dek die werwing en keuring vir en die toelating van studente tot programme aan Akademia. Hierdie keurings- en toelatingsvereistes erken, oorweeg en stem ooreen met konstitusionele, statutêre en opvoedingsbeleidverwante raamwerke waarbinne Akademia funksioneer, sowel as alle vereistes en bepalings wat op hoëronderwysinstellings van toepassing is.

Die interpretasie van die beleid word waar nodig in die Jaarboek by die onderskeie programme getoon.

3. Interpretasie

Hierdie beleid moet saamgelees word met
• alle nasionale beleide en aanwysings rakende toelatings;
• die Jaarboek wat die spesifieke institusionele toelatingsvereistes per kwalifikasie omskryf.

4. Werwing

Akademia het prosedures in plek vir die werwing, keuring, toelating en registrasie van studente. Hierdie prosedures word deurentyd hersien en bygewerk. Aansoeke van voornemende studente word erken en verwerk, en aansoekers word in kennis gestel van die uitslag van aansoeke.

Toelating tot ’n program is voorwaardelik, en ’n student se registrasie vir ’n program sal slegs gefinaliseer word wanneer alle dokumentasie ingehandig is en die aansoeker aan alle voorwaardes wat vir registrasie gestel is, voldoen het.

5. Toelatingsvereistes vir voorgraadse programme

5.1 Algemene toelatingsvereistes

- Bereidwilligheid om binne die raamwerk van Akademia se visie, strategie, waardes, beleide en algemene reëls te studeer.
- Indiening van dokumentasie wat die aansoeker se identiteit en voltooiing van Graad 12 bewys.

5.2 Nasionale Senior Sertifikaat

Om tot ‘n voorgraadse program toegelaat te word, moet ’n voornemende kandidaat:

- bewys lewer dat hy/sy oor ’n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) beskik wat toelating tot graad-, diploma- of hoërsertifikaatstudie bied, soos van toepassing, of dat hy/sy ingeskryf het vir ‘n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS);
- die skoolvakke wat deur die betrokke program vereis word (raadpleeg die Jaarboek vir programspesifieke toelatingsvereistes) op die vereiste vlak slaag; en
- ten minste 50% in Akademia se onderrigtaal behaal.

5.3 Nasionale Beroepsgerigte Sertifikaat

Kandidate met ’n vlak 4- Nasionale Beroepsgerigte Sertifikaat wat deur Umalusi gesertifiseer is, asook toepaslike vakke, sal vir registrasie oorweeg word.

5.4 Buitelandse en/of ander skoolverlaterskwalifikasie(s)

Enige kandidaat met ’n buitelandse of NSS-ekwivalente kwalifikasie wat vir graadstudie wil aansoek doen, moet die vereiste aansoek vir vrystelling aan Universiteite Suid-Afrika (USAf)

rig. Na ontvangs van ’n vrystellingsbrief of -sertifikaat van USAf kan die kandidaat vir graadstudie aansoek doen.

Die vergelykbaarheid met buitelandse kwalifikasies word deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAKO) bepaal. Kandidate met so ’n kwalifikasies wat ’n kwalifikasie – behalwe ’n graad – by Akademia wil behaal moet by SAKO aansoek doen om ’n gelykwaardigheid-sertifikaat.

5.5 Alternatiewe toelatings op grond van die Senaat se diskresie

Matriekvrystelling is die algemene toelatingsvereiste vir graadstudies. Daar word egter alternatiewe moontlikhede deur wetgewing daargestel. ’n Sertifikaat van voorwaardelike vrystelling kan aan enige persoon uitgereik word wat in ’n deur die Senaat goedgekeurde assesserings- en/of keuringsproses bewys het dat hy/sy ’n gepaste kandidaat vir hoëronderwysstudie is.

- **Aansoekers sonder ’n NSS of onderskrewe NSS**
  Kandidate wat ’n NSS voltooi het wat nie voldoende was vir toelating tot graadstudies nie, sal vanaf die ouderdom van 23 op grond van alternatiewe toelating oorweeg word. Hierdie ouderdom word gebruik in die veronderstelling dat dit die nodige vlak van volwassenheid en relevant lewenservaring vir hoëronderwysstudies ondervang.
- **Volwasse ouderdom – 45 jaar**
  Kandidate van 45 jaar en ouer wat nie matriek of ’n ekwivalente kwalifikasie voltooi het nie sal op grond van alternatiewe toelating oorweeg word.
- **Erkenning van vorige leer (EVL)**
  Waar kandidate nie matriekvrystelling of ekwivalente skoolverlatersertifikaat het nie, kan die Senaat hulle steeds vir toelating oorweeg indien hulle oor die nodige werkservaring of vorige leer beskik. EVL-prosedures wat gevolg kan word sluit in:
  - Gesentraliseerde toetse om akademiese prestasie te bepaal
  - Saamstel van ’n portefeulje
  - Assessering van formele kwalifikasies wat wel behaal is.

Verwys in hierdie verband na die beleid ten opsigte van erkenning van vorige leer en kredietoordrag.

- Toelatingsvereistes vir nagraadse programme
  Kandidate wat vir Akademia se nagraadse kursusse wil registreer, moet aan die vereistes wat vir die betrokke program gestel word, voldoen.

6. Keuring

Bepalings ten opsigte van keuring van studente:

- Voornemende studente se prestasie in vorige programme van Akademia of van ander instellings sal in aanmerking geneem word tydens die keuringsproses.
- Voornemende studente se dissiplinêre oortredings sal in aanmerking geneem word tydens die keuringsproses.
- Indien daar ’n beperking is ten opsigte van ’n bepaalde program se toelatingskapasiteit of vereistes van professionele of statutêre liggame, sal keuring plaasvind op grond van die kriteria wat deur die onderskeie fakulteite se keuringkomitees en in die Jaarboek uiteengesit word.

Die volgende elemente sal in die keuringsproses gebruik word:

- Prestasie in vorige kursusse
- ’n Onderhoud wat kandidate die geleentheid bied om hulle akademiese potensiaal te bewys aan die hand van voorafbepaalde kriteria
- ’n Bekragtigde akademiese geletterdheidstoets (soos die nasionale normtoets) wat die waarskynlikheid dat ’n kandidaat akademies sal slaag, bepaal.

6.1 Spesiale behoeftes

Studente met gestremdhede sal aan dieselfde kriteria as alle ander studente gemeet word met betrekking tot toelating tot Akademia, insluitende akademiese vermoë en redelike verwagting dat die betrokke program suksesvol voltooi sal word.

’n Student moet sy/haar gestemdheid tydens die aansoekfase vermeld. Akademia kan nie vir onvoldoende ondersteuning na registrasie aanspreeklik gehou word indien dit nie van die gestremdheid ingelig is nie.

Die toelating van studente met gestremdhede kan wel beperk word as gevolg van die kategorie of omvang van die gestremdheid en Akademia se kapasiteit, hulpbronne en infrastruktuur om dit aan te spreek. Sover kapasiteit, hulpbronne en infrastruktuur dit kan akkommodeer, sal toegang verskaf word vir studente met bepaalde gestemdhede. Gevalle sal individueel beoordeel word en toegang sal verskaf word solank die behoefte aan spesiale

hulpbronne en fasiliteite en die waardige gebruik van bestaande fasiliteite geakkommodeer kan word. Waar ’n bepaalde kwalifikasie se hulpbronne en infrastruktuur nie in die behoeftes van ’n student in ’n behoefte kan voorsien nie, sal ’n verwysing na ’n alternatiewe program gemaak word, indien dit moontlik is.

In die geval waar ’n gestremdheid ’n impak op volle deelname aan die normale akademiese program mag hê (insluitend die bywoning van lesings, neem van notas en assessering) sal spesiale voorsiening gemaak word indien aan al die volgende voorwaardes voldoen word:

- Die onus rus op die student om die koste van alle spesiale voorsiening te dek.
- Dit moet moontlik wees om die voorsiening te maak sonder oormatige ontwrigting van die leer van ander studente.
- Die spesiale voorsiening moet binne die regulatoriese vereistes vir billikheid van lewering en reëls vir toegang, toelating en assesserings gemaak kan word.
- Die versoek om spesiale voorsiening moet vergesel word van omvattende verslae van ’n toepaslik geregistreerde professionele persoon (soos ’n mediese dokter of opvoedkundige sielkundige), mag nie ouer as twee 2 jaar wees nie en moet aanbevelings insluit met betrekking tot die soort spesiale voorsiening wat vereis word.

Die Registrateur sal bepaal watter spesiale voorsiening gemaak kan word op grond van inligting wat deur die aansoeker tydens die aansoekproses verskaf word.

Spesiale voorsiening kan die volgende insluit, maar is nie beperk nie tot:

- opname van lesings;
- gebaretaaltolking;
- bykomende tyd vir assesserings;
- individuele toesig;
- voorlees van assesserings aan student;
- transkribering van antwoorde namens student tydens assesserings.

Enige koste wat voortspruit uit die spesiale voorsiening wat vir die student gemaak moet word, is vir die student se rekening. Die administratiewe afdeling sal na registrasie volledige dokumentasie aan die student stuur wat die koste uiteensit en die proses wat deur die akademiese jaar gevolg gaan word, in besonderhede verduidelik.

7. Registrasie

’n Kandidaat doen formeel aansoek vir registrasie soos op die Akademia-webblad, en op aanvraag aan voornemende studente, gekommunikeer. Alle registrasies is onderhewig aan die aanvaarding van Akademia se bepalings en voorwaardes soos in die registrasievorm uiteengesit.

Akademia skryf 'n stel minimum standaarde voor waaraan studente moet voldoen om hul voortgesette registrasie te verseker.
Die Senaat kan besluit om studente uit te sluit op grond van swak akademiese prestasie.
Akademies uitgeslote studente kan 'n beroep doen op die Dekaan van die betrokke fakulteit vir hertoelating tot die program.

Die maksimum deurlopende registrasietydperke waarin 'n kwalifikasie behaal moet word, is soos volg:

- 120 krediete: 3 jaar
- 360 krediete: 7 jaar
- 480 krediete: 9 jaar

Die studies van studente wat nie 'n kwalifikasie binne die voorgeskrewe maksimum tydperk behaal nie, sal opgeskort word, en die student sal van verdere registrasie vir die betrokke program uitgesluit word.

Die Senaat kan die maksimum tydperk waarin 'n kwalifikasie behaal moet word (soos hierbo uiteengesit) verminder op aansoek deur 'n fakulteit.

7.1 Uitstel van studies

'n Student wat sy/haar akademiese studie vir ’n bepaalde tydperk wil uitstel, moet by die Registrateur aansoek doen om toestemming en moet alle relevante stawende dokumentasie by die aansoek aanheg. By die neem van 'n besluit sal die Registrateur met die Dekaan van die betrokke fakulteit konsulteer.

'n Student sal in uitsonderlike omstandighede toegelaat word om sy/haar studie vir 'n maksimum tydperk van twee akademiese jare uit te stel.

Tydperke waartydens 'n student deur die instelling toegelaat is om sy/haar studies uit te stel

sal nie in ag geneem word by die berekening van 'n student se maksimum registrasietydperk nie.

GOEDKEURING / WYSIGINGS

Senaatsbeslissing (Goedgekeur / gewysig)	Gewysig deur	Notas
2020	Liana Venter (Registrateur)	Redaksionele veranderinge
2023	Liana van Rooy (Registrateur	Byvoegings: 1. Bepaling ten opsigte van registrasieperiodes 2. Spesiale behoeftes 3. Keuringsbepalings